



**ONRUSRIVIER KANTOOR**

Posbus 590, Onrusrivier, 7201  
Tel. & Faks.: 028 316 3870  
Sel.: 083 301 6937  
E-pos: caeo@maxitec.co.za

**PAARL KANTOOR**

Posbus 2655, Paarl, 7620  
Faks.: 086 243 4478  
Sel.: 082 698 8216  
E-pos: caeo2@maxitec.co.za

*Die meeste damme is reeds vol en saam met die groeiende getal koue-eenhede is ons lede hoopvol vir 'n goeie nuwe produksiejaar. Die politieke klimaat met sy soms ekstreme politieke retoriek, veral oor grond, stem egter baie lede tot kommer - met reg. Ons vertrou dat rede sal seëvier en landbou toegelaat sal word om sy sleutel-rol tov. voedsel- en werkvoorsiening en landelike groei en stabiliteit te bly vervul. Intussen berig ons oor 'n paar aangeleenthede waarvan lede kennis moet neem.*

## WYSIGINGSWET OP DIENSGELYKHEID TREE IN WERKING OP 1 AUG 2014

Daar is al baie gesê oor die wysigings aan die vier arbeidswette wat 'n geruime tyd gelede reeds goedgekeur is maar nog nie gepromulgeer is nie (vir inwerkingtreding). Die President het egter so pas die Wysigingswet op Diensgelykheid gepromulgeer en dit tree in werking miv. 1 Augustus 2014. Hierdie wysigings spruit uit die regering se frustasie met, soos hulle dit sien, die stadige pas van transformasie in die werkplek. Die dramaties verhoogde boetes vir nie-nakoming illustreer die erns waarmee hulle die saak bejeën! Lede wat nie ag slaan hierop nie doen so op eie risiko!

[Lees meer](#)

## KAW SE KANTOOR IN DIE PAARL

Gepraat van kantoor, ons beampte in die Paarl, Ciske Oosthuizen, het op 1 Augustus by haar nuwe kantoor op die grondvloer (C15) by die KWV se Hoofkantoorgebou in Hoofstraat 57, Paarl, ingetrek. Lede is welkom om by haar 'n draai te gaan maak. Haar kontakbesonderhede bly onveranderd.

## VRAAG EN ANTWOORD

### Uitbetaling van opgeloopte lone by afsterwe

**Vraag:** " 'n Werker sterf terwyl daar nog opgeloopte lone en uitstaande verlofgeld aan hom verskuldig is. Hy het min bates besit, en laat 'n vrou en kinders agter, wat hulpbehoewend is. Mag dié gelde maar aan die weduwee oorbetaal word? Indien nie, hoe moet hierdie gelde hanteer word?"

### Bestuurders en oortydbetaling

**Vraag:** "Indien 'n bestuurder die magte het om aanstellings te maak en mense te ontslaan maar minder verdien

*as die R205 000 drempel , moet hulle dan oortyd betaal word? (hulle is mos dan "senior bestuurswerknemers"?)  
Op verskeie plase verdien die bestuurders minder as dit en kry nie oortyd nie."*

[Kliek hier vir antwoorde](#)

## **MINIMUM LONE: GASVRYHEIDSBEDRYF**

Die minimum lone in hierdie bedryf, wat in meeste gevalle ook gastehuse en restaurante op plase dek, verhoog miv. 1 Julie 2014 as volg: i) indien 10 of minder werkers in diens = R13-34 p/u; ii) indien meer as 10 werkers = R14-87 p/u.

[Unsubscribe](#)